Nuusbrief van die ATKV se Taal-en-kultuurafdeling | April 2018 | #22

TAALDIVERSITEIT IS BROODNODIG

PanSAT het Februarie tot taalaktivismemaand verklaar. Dit is ook die maand waarin Internasionale Moedertaaldag gevier word. Dit pas so reg in die kraal van die ATKV se nuwe afdeling: taal en kultuur. Die kuns van ware taalaktivisme lê in die dóén: Al die taal- en kultuurprojekte spreek van 'n ATKV wat omgee vir taal en die mense wat Afrikaans praat.

Dit gaan hier oor baie meer as net Afrikaans. Daar is baie meer op die spel. Afrikaans maak 'n belangrike deel uit van die wêreld se taaldiversiteit. Taaldiversiteit is so broodnodig soos biodiversiteit is vir ons spesie se oorlewing. UNESCO verwys soos volg daarna: "Tale, met hulle komplekse implikasies vir identiteit, kommunikasie, maatskaplike integrasie, onderwys en ontwikkeling, is van strategiese belang vir die mense en die planeet. Daar is toenemende bewustheid dat tale 'n noodsaaklike rol speel in die ontwikkeling, nie net in die versekering van kulturele diversiteit en interkulturele dialoog nie, maar ook in die verkryging van gehalteonderrig vir almal en die versterking van samewerking, in die bou van inklusiewe kennisgemeenskappe en die bewaring van kultuurerfenis, en die mobilisering van politieke wil om die voordele van wetenskap en tegnologie te vergestalt in volhoubare ontwikkeling."

Lees meer by https://en.unesco.org/indigenous-peoples/culture

In hierdie *Talig* belig ons die nuutste inligting op taal- en kultuurgebied. Ek hoop dit dien as 'n bron van inspirasie vir die belangrike werk was ons in die hartskamer van die ATKV doen.

Karien Brits
Taalliefhebber en toevallig ook die redakteur

DIE KUNSTE *groei...*

Die ATKV bekroon jaarliks uitnemendheid oor die hele spektrum van die Afrikaanse media tydens die *Mediaveertjies*. Die inskrywings het pas gesluit, en ons span beoordelaars begin eersdaags om deur die 618 inskrywings te werk. Die toekenningsgeleentheid vind op 11 Mei plaas.

Waarom die Mediaveertjie-toekennings? Omdat erkenning en bekroning in die mediawêreld dien as broodnodige aansporing om gehaltewerk in Afrikaans te skep – of dit nou 'n teks vir 'n radiodrama; 'n rubriek of onderhoud vir 'n tydskrif of koerant (gedruk of digitaal) is; 'n vermaakprogram op TV of 'n stuk ondersoekende joernalistiek – dis belangrik – vir ons taal en al sy sprekers! Ons vier met hierdie toekennings ons joernaliste, vervaardigers, regisseurs, omroepers en skrywers. Hulle kleur ons alledaagse lewens in met hulle toewyding, kreatiwiteit en stories.

Die feesseisoen het in Maart aangebreek met die aanvang van die *US Woordfees* van 2 - 11 Maart in Stellenbosch. Die ATKV kuier saam met ons ATKV-Boeke-oase in die feeskern agter die US Museum. Dié omvangryke boekwinkel is terug met leesstof vir oud en jonk. Die lywige skrywersprogram word onder andere ook in die ATKV-Boektent in Die Plataan aangebied. Die Woordfees skep nie alleen 'n paradys vir boekliefhebbers nie, maar die verskeidenheid bekroonde toneel- en musiekproduksies bied iets vir almal. Sit die Woordfees beslis op jou emmerskoplys!

Die **KKNK** vind van 29 Maart tot 4 April in Oudtshoorn plaas. Oor die afgelope 24 jaar bied hierdie "eerste Afrikaanse kunstefees" 'n bestemming en tuiste vir liefhebbers van die kunste in al sy fasette. Die ATKV is sedert die begindae van dié fees as borg en medewerker betrokke. Ons ATKV-Boeke-oase is vanjaar saam met Netwerk24 in die Feeskafee op die hoek van Baron van Reede en Voortrekkerweg. Dit is altyd lekker om in die Klein-Karoo te kuier!

Waarom is die ATKV by die nasionale feeste betrokke? Want die feeste bied 'n platform vir nuwe, skeppende werk in Afrikaans; dit is 'n plek waar ons mekaar beter leer ken deur middel van die kunste – 'n plek waar brûe gebou en mure afgebreek word. Die feeste raak toenemend betrokke by die gemeenskap met programme wat 'n volhoubare impak het op die mense in die fees se onmiddellike omgewing.

Die ATKV en die kunstefeeste se visie is dus perfek belyn, en deur middel van ons betrokkenheid by feeste soos dié, gee ons uitvoering aan ons eie doelstellings. Dit is 'n belangrike vennootskap met wedersyds voordelige uitkomste, vir beide die ATKV en die feeste.

Nita Cronjé

Wat gaan vir WAT

Die WAT het aan die einde van 2017 besluit op 'n revolusionêre Tienjaarplan vir die voltooiing van die WAT tot by die letter Z. Die hoofmomente van die Tienjaarplan is:

'n Bykomende **R32 miljoen** word benodig vir die Tienjaarplan:
gemiddeld R3.2 miljoen jaarliks.
Julie 2018: 5 nuwe Redaksielede word aangestel
Julie tot Desember 2018: Opleiding van nuwe Redaksielede
Januarie 2019: Nuwe en huidige Redaksielede begin werk aan Deel XVI van die *WAT*
Die gedrukte *WAT* eindig by Deel XVI (S), met 'n addendum van nuwe woorde van A tot S.
Desember 2029: Die *WAT* word voltooi tot by Z teen 'n tempo van twee jaar per deel.

Waarom 'n Tienjaarplan?
Die WAT se staatsubsidie is drasties ingekort en die verkleinde redaksie voer 'n opdraandestryd teen die uitdyende hoeveelheid elektroniese inligting wat bestudeer moet word. Waar ons in die verlede twee jaar geneem het om 'n deel te voltooi, neem dit tans gemiddeld 4,5 jaar per deel. Met meer mense en meer fondse kan ons hierdie ongelooflik waardevolle woordeboek binne tien jaar voltooi, in plaas van 20 jaar of dalk langer. Die WAT word as ongelooflik beskryf omdat dit die enigste Afrikaanse woordeboek is wat die Afrikaanse taal in sy wydste omvang vasvang vir altyd. Dit beteken dat nie net Standaardafrikaans nie, maar ook variëteite soos Kaaps en Namakwalands 'n tuiste in die WAT vind.
Dr. Willem Botha

BOEKE & STORIES

Irma Joubert vat Afrikaners terug na hul Nederlandse herkoms.

Irma Joubert is een van ons land se beste historiese en liefdesromanskrywers. Haar werk is so goed dat dit in Nederlands ook vertaal word. Haar eerste boek wat in Nederlands vertaal is, *Het meisje uit de trein*, of beter bekend as *Tussen stasies*. Die uitgewery in Nederland wat haar boeke uitgee is Mozaïk.

Haar nuutste roman is *Mentje, kind van Pas-Opkamp* (In Nederlands *Het meisje uit het verscholen dorp*). Hierdie roman het twee verhaallyne, dié van Tinus van Jaarsveld wat 'n Suid-Afrikaner is en dié van Mentjie, 'n Nederlandse meisie, wat in 'n "onderduikerskamp" beland nadat haar pa tydens die Tweede Wêreldoorlog deur Duitsers gevang is terwyl hy Jode weggesteek het.

Joubert slaag daarin om historiese navorsing lewe te gee in hierdie roman en vang die emosie vas in elke hoofstuk. Om die volledige artikel te lees klik hier.

Mandie Ehlers

Die boek is beskikbaar by LAPA Uitgewers.

Meertaligheid

Die toekoms van Afrikaans in skole.

Die afgelope kwartaal is skole, soos Hoërskool Overvaal, op al wat 'n koerant of nuusberig is. Die kwessie van Afrikaans in skole en meertaligheid is op almal se lippe. Maar wat sê die Grondwet? In die Grondwet word daar voorsiening gemaak vir die regte van verskillende "kulturele, taalkundige en geloofsgemeenskappe". Elke gemeenskap het ook 'n reg tot permanente kommissies wat hierdie gemeenskappe beskerm en ondersteun.

Meertaligheid in skole behels dat kinders nie net blootgestel word aan een taal nie, maar dat ander tale (wat in hul gemeenskap teenwoordig is) ook aangebied word. Gedeelde tale soos Afrikaans en Engels sal steeds as hooftale funksioneer. So verseker die onderwysdepartement dat die land se diversiteit in openbare skole weerspieël word en sodoende te verseker dat moedertaalonderrig ook plaasvind.

In die Beeld van 5 Februarie skryf dr. Danny Titus van die ATKV dat Afrikaans ook deel van die bevrydingstryd is. Hy lê daarop klem dat ons as Suid-Afrikaanse burgers mekaar moet begin hoor en verstaan, in Afrikaans!

Dit is bloot net 'n kort opsomming van dr. Conrad Steenkamp se artikel op Litnet. Lees meer by: http://www.litnet.co.za/rassistiese-identiteite-meertaligheid-en-die-toekoms-van-afrikaanse-skole/

Lees dr. Danny Titus se volledige rubriek by: https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/begin-mekaar-hoor-en-verstaan-in-afrikaans-20180201

Mandie Ehlers

Spelwenke

DEELTEKENS & KOPPELTEKENS

Die deelteken en koppelteken is baie prominent in Afrikaans. Hulle verrig baie belangrike funksies, maar moet egter reg gebruik word om hierdie funksies te verrig.

Die deelteken word om twee redes gebruik:

By opeenhoping van vokale wat tot verskillende lettergrepe behoort.

Bv.: finansiële, tatoeëer

As dit nie vir die deelteken was nie, sou ons die woorde verkeerd uitgespreek het.

Vir historiese en etimologiese doeleindes.

Nederlandse woorde soos kogel, leger, regen, spiegel lyk in Afrikaans anders en die lettergreep word aangedui deur van 'n deelteken te gebruik

Bv. koeël, leër, reën, spieël.

Die koppelteken word vir die volgende redes gebruik:

Wanneer daar 'n opeenhoping van vokale is wat kan lei tot die verkeerde uitspraak of lees, word koppeltekens gebruik. Dit gebeur gewoonlik waar daar samestellings plaasvind.

Bv. kamera-assistent, na-aap, bo-op.

Maar pasop!

Bv. Boereoorlog, seweuur, ruolie, boaan

Mandie Ehlers

Om Tom McLachlan se artikel, Oor deeltekens en koppeltekens, verder te lees, gaan klik hier.



Idees vol vrees

KLASGEE IN LEIDEN: WAAROM AFRIKAANS?

Die verlede lê op verskillende vlakke tussen Suid-Afrika en die Lae Lande – politiek, geskiedenis en natuurlik ook taal. Ons deel naamlik 'n taal in die verre verlede: 17de-eeuse Hollands waaruit beide Afrikaans en Nederlands ontwikkel het en beide vandag selfstandige standaardtale is. Ons is, soos die studente sal sê, ge-'konnek'.

Dit is dan ook natuurlik dat daar skakeling tussen die twee lande en vanselfsprekend die twee tale sal wees. Hierdie skakeling is op verskeie vlakke: kultuur, toneel, feeste, vertaling van boeke in en uit die twee tale, letterkunde, taalkunde, e.s.m. In die geval van taal is daar verdere skakeling: die bestudering van die taal en in hierdie proses ook die doseer van die taal.

Ek is tans (nog tot 2 Mei) in Nederland waar ek klas gee oor die Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit Leiden. Die aanleiding hiertoe is 'n ooreenkoms wat in 2013 geïnisieer is toe ek in Leiden navorsing gedoen het vir my boek *Die storie van Afrikaans*.

Dr Eep Francken, die destydse dosent in Afrikaanse letterkunde aan Leiden het aftree-ouderdom bereik en die gevaar was daar dat 'n potensiële groeipunt vir Afrikaans tot niet kan gaan. Koppe is bymekaar gesit en die uitkoms hiervan was 'n samewerkingsooreenkoms tussen die SA Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) en die Universiteit Leiden waarvolgens daar elke jaar in die tydperk Februarie tot Mei 'n senior akademikus klas sou gee oor om die beurt Afrikaanse taalkunde of letterkunde. Vanjaar is dit my beurt om taalkunde te gee. My voorgangers was prof Hennie van Coller (letterkunde, 2015), proff Bertus en Susan van Rooy (2016, taalkunde), prof Etienne van Heerden (letterkunde, 2017, in medewerking met Ingrid Glorie).

Ek het vanjaar 13 voorgraadse studente in my klas, die meerderheid studente in vergelykende of Nederlandse taalkunde. Die res kom uit ander rigtings, soos geskiedenis, kommunikasiewetenskap, e.s.m. Dit blyk dat nog net drie van hulle in Suid-Afrika was

en voorkennis van Afrikaans en Suid-Afrika het. Die antwoorde op my vraag oor waarom hulle die kursus in Afrikaans volg, was uiteenlopend: toeristiese redes, taalkundige belangstelling, maar ook gewone nuuskierigheid oor die land en die taal.

Die uitdagings is daarom om aan die een kant Suid-Afrika bekend te stel, en aan die ander kant weer Afrikaans se rol in die land te bespreek. Dit moet gedoen word met inagneming van die geskiedenis van Afrikaans, persepsies oor Afrikaans, en die aard van die taalkunde van Afrikaans (wat heelwat betrek!). Ek probeer aan die een kant inleidend en oorsigtelik wees, maar aan die ander kant ook genoeg pitkos te gee wat die studente prikkel tot moontlike verdere studie in Afrikaans. Dit is nie maklik nie! Te veel detail skrik af en te min gee weer die indruk van 'n liggewigkursus. Uit terugvoer blyk dat die studente wel die kursus nuttig vind, dat dit aan hulle behoeftes en verwagtings beantwoord.

Ek hoop dat my ervaring en kundigheid help om hierdie groeipunt verder te laat ontwikkel en dat van hulle dalk in SA verder gaan studeer. Of ek suksesvol is, sal die tyd seker leer. Maar wat ek verder weet, is dat ons elke kans moet benut wat na ons kant toe kom om Afrikaans as akademiese taal in die Lae Lande te laat groei.

Prof. Wannie Carstens

TAAL & KULTUUR

belangrike *datums*

April

11: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Boksburg
12: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Boksburg
13: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Boksburg en Rustenburg
14: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Rustenburg en Kimberley
17: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Port Elizabeth
18: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Port Elizabeth en Kuilsrivier
Inkstories
19: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Port Elizabeth en Kuilsrivier
ATKV-Spelathonuitdunne: Gauteng (Graad 6 en 7 EAT)
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Bloemfontein
20: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Kuilsrivier, Durban en Pretoria
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Bloemfontein
21: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Pretoria
ATKV/ Rapport Harmonie Koorkompetisie slypskool: Suid-Kaap
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Riversdal
23: ATKV-Spelathon: Uitdunne: Gauteng (Graad 8 en 9 EAT)
24: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Pietersburg en Emalahleni (Witbank)
ATKV-Spelathon uitdunne: Gauteng (Graad 10 tot 12 HT en EAT)
25: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Pietersburg, Emalahleni (Witbank) en Alberton (Hoërskole)
ATKV-Spelathon uitdunne: Gauteng (Graad 8 en 9 HT)
26: ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Emalahleni (Witbank) en Alberton (Hoërskole)
29: ATKV/ Rapport Harmonie Koorkompetisie: Finaal by die Suidoosterfees

Mei

2: ATKV-Applous streekfees: Nelspruit
ATKV-Applous koorwerkswinkel: Nelspruit

3: ATKV-Applous streekfees: Middelburg
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Mokgophong (Naboomspruit) en Wolmaransstad (Hoërskole)

4: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Middelburg
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Mokgophong (Naboomspruit), Kroonstad en Wolmaransstad (Laerskole)
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Wellington en Emalahleni (Witbank)

5: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Pretoria
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Kroonstad en Wolmaransstad (Laerskole)
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Wellington en Emalahleni (Witbank)

6: ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Emalahleni (Witbank)

7: ATKV-Applous streekfees: Polokwane
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Johannesburg
ATKV-Spelathonfinaal: Gauteng (Graad 6 en 7 EAT)

8: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Polokwane
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Johannesburg
ATKV-Spelathonfinaal: Gauteng (graad 6 en 7 HT)

9: ATKV-Applous streekfees: Rustenburg
ATKV-Applous koorwerkswinkel: Rustenburg
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Johannesburg
ATKV-Spelathonfinaal: Gauteng (Graad 10 tot 12 HT en EAT)

10: ATKV-Applous streekfees: Pretoria
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Mokgophong (Naboomspruit)

11: ATKV-Applous streekfees: Pretoria
ATKV-Tienertoneel: Inskrywings sluit
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Rustenburg
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Bloemfontein
Bekendmaking van ATKV-Mediaveertjiewenners

12: ATKV-Applous streekfees: Pretoria
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Rustenburg
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Bloemfontein

14: ATKV-Applous streekfees: Newcastle
ATKV-Spelathonfinaal: Gauteng (Graad 8 en 9 HT)
ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies

15: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Newcastle
ATKV-Spelathonfinaal: Gauteng (Graad 8 en 9 EAT)
ATKV-Muziq –en –Muziq*anto*: Oudisies
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Ermelo

16: ATKV-Applous streekfees: Port Elizabeth en Uitenhage
ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Ermelo

17: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Port-Elizabeth
ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies
ATKV-Redenaars eerste uitdunrondes: Ermelo
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Port Elizabeth
ATKV/Meertaligheidsnaweek

18: ATKV-Applous streekfees: Randburg
ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies
ATKV-Redenaars semifinale rondes: Pretoria, Durban en Rustenburg
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Port Elizabeth
ATKV/ UJ-Meertaligheidsnaweek

19: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Randburg
ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies
ATKV-Debat eerste uitdunrondes: Port Elizabeth
ATKV-Debat semifinale rondes: Rustenburg
ATKV/ UJ-Meertaligheidsnaweek

20: ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies

21: ATKV-Applous streekfees: Potchefstroom
ATKV-Muziq en –Muziq*anto*: Oudisies

22: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Potchefstroom
ATKV- Senior Olimpiade

23: ATKV-Applous streekfees: Wes-Kaap

24: ATKV-Applous streekfees: Wes-Kaap

25: ATKV-Applous streekfees: Wes-Kaap
ATKV-Jeugberaad: Inskrywings sluit
ATKV-Junior Olimpiade: Inskrywings sluit
ATKV-Redenaars semifinale rondes: Kroonstad, Bellville en Mokgophong (Naboomspruit)

26: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Wes-Kaap
ATKV-Debat semifinale rondes:
Kroonstad en Wellington

28: ATKV-Applous streekfees: Oos-Londen

29: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Oos-Londen

30: ATKV-Applous streekfees: Pietermaritzburg

31: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Pietermaritzburg

Junie

1: ATKV-Applous streekfees: Bloemfontein
ATKV-Woordveertjies: Inskrywings sluit
ATKV-Redenaars semifinale rondes: Boksburg, Kimberley en George
ATKV-Debat semifinale rondes: Pretoria

2: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Bloemfontein en Kimberley
ATKV-Debat semifinale rondes: Pretoria en George

3: ATKV-Applous streekfees: Kimberley

4: ATKV-Applous streekfees: Upington

5: ATKV-Applous koorwerkwinkel: Upington

6: ATKV-Applous streekfees: Springbok

7: ATKV-Applous koorwerkswinkel: Springbok

8: ATKV-Redenaars semifinale rondes: Middelburg en Vanderbijlpark

15: ATKV-Redenaars semifinale rondes: Namibië

20: Inkstories

25: ATKV-Jeugberaad: ATKV- Goudini Spa en ATKV-Klein-Kariba

26: ATKV-Jeugberaad: ATKV- Goudini Spa en ATKV-Klein-Kariba

27: ATKV-Jeugberaad: ATKV- Goudini Spa en ATKV-Klein-Kariba

28: ATKV-Jeugberaad: ATKV- Goudini Spa en ATKV-Klein-Kariba